'n Leesstuk met vrae*

Siyavula Uploaders

This work is produced by OpenStax-CNX and licensed under the
Creative Commons Attribution License 3.0†

1 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

2 Graad 7

3 Module 4

4 LUISTERLEES

VIR DIE OPVOEDER

LUISTERLEES

Dit is 'n baie koue wintersoggend. Die wêreld is spierwit gesneeu. Nie een van die kinders is warm aangetrek nie. Die meeste van hulle lyk asof hulle ou lappe aan het. Hulle gesigte is vuil en 'n paar van die seuns en dogters is kaalvoet. Die meeste van hulle moet baie ver loop om by die skool te kom.

'n Paar kinders het warmaartappel handverwarmers. Dit is twee aartappels wat heelnag onder die warm as van die vuur gelê het. Die kinders hou dit dan in hulle hande op die pad skool toe om hulle warm te hou.

Hulle eet sommer die aartappels wanneer hulle by die skool kom. Dis 'n lang skooldag. Hulle begin nege-uur en maak vyfuur klaar met 'n pouse van twee ure vir middagete.

Vrae (Slegs ja of nee)

(a) Die kinders kry koud.
(b) Hulle het mooi klere aan.
(c) Hulle dra almal leerskoene.
(d) Hulle bly ver van die skool af.
(e) Hulle dra warm klippe in hulle hande om hulle hande warm te hou.
(f) Die skooldag is lank.
(g) Die middagete duur twee ure.
(h) Hulle gaan vyfuur huis toe.

LU 1.3.1	

Table 1

Luister na 'n kort leesstukkie soos voorgelees deur julle onderwyser. Luister baie goed, want julle gaan vrae aan die einde van die leesstuk beantwoord. Julle onderwyser sal die leesstuk twee of drie keer voorlees.

Vrae: *Skryf slegs "ja" of "nee"*

1. ROLLEES

*Version 1.1: May 21, 2009 7:01 am -0500

†http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Rollees die volgende gesprek tussen twee kinders uit die Victoriaanse tydperk. Lees dit in groepe van twee en ruil om sodat julle beide kind A en kind B se rolle lees.

A: "Ek het Meester Hale nog nooit so sonder 'n rottang in sy hand gesien nie."

B: "Ja, en dan slaan hy mos nog voordat 'n mens enigiets kan verduidelik."

A: "Ek het al slae gekry omdat ek kamma te nors is."

B: "Gister het ek hom glo nie hoflik genoeg geantwoord nie en sommer drie houe gekry."

A: "Wie dink jy kry die seerste, seuns of dogters?"

B: "Mmmmm..wat is nou die seerste, rottanghoue op jou agterwêreld as jy 'n seun is, of op jou hande en bene as jy 'n dogter is?"

A: "Ek sou sê altwee is ewe seer, want hy slaan die seuns harder."

B: "Ek kies liewer 'n klomp houe met die rottang as om in die strafmandjie te moet klim."

A: "Ek stem saam. My lyf pyn later so baie van die ongemaklike posisie en 'n mens kan mos nie eens roer nie!"

B: "Was jy al baie kere in die mandjie?"

A: "Nee, nog net een keer, maar dit was een keer te veel!"

B: "Arme Mary moes vandag alweer die hoed met die D vir Donkie opsit."

A: "Dis darem nie seer nie, maar mens voel maar baie simpel as jy so in die hoek moet staan."

B: "Ek dink Mary hou haarself met opset dom. Sy mis lekker baie werk deur so in die hoek te staan."

Luister mooi na jou groeplede en beoordeel hulle met behulp van die onderstaande ruit.

3 = swak 2 = goed 1 = uitstekend

Naam en Van	Stemtoon	Artikulasie	Frasering	Vlotheid	Vertolking

Table 2

LU 3.7.2	

Table 3

2. TEENOORGESTELDES

Woorde soos *nors* en *vriendelik* is teenoorgesteldes. Verbind nou die woorde in Kolom A met hulle teenoorgesteldes in kolom B.

A		B
goed		ongelukkig
mooi		soet
gelukkig		sleg
vergeet		dom
bekend		ver
naby		lelik
stout		onbekend
slim		klein
groot		onthou

Table 4

LU 6.1	

Table 5

3. 'N VICTORIAANSE DAG

Julle gaan 'n Victoriaanse dag in die klas hê. Dit beteken dat julle eers navorsing moet gaan doen. Raadpleeg die biblioteke en die Internet. Probeer om Victoriaans aan te trek en soveel moontlik Victoriaanse dinge in die klas te hê as wat julle moontlik kan.

Julle onderwyser sal sê vir watter navorsing elke groep verantwoordelik is, bv. kleredrag, speletjies (gespeel tydens pouses), klaskamer, tipe kos, straf, vakke, ens.

Nooi julle skoolhoof om 'n periode saam met julle deur te bring.

LU 3.8	

Table 6

MODULETOETS 1

1. Lees die onderstaande leesstuk noukeurig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

Clive Roberts is alweer laat vir skool. Hy het spesiaal vroeër opgestaan, maar hoe moes hy nou geweet het sy fiets se voorwiel is pap! Hy hoor al hoe hy raas gaan kry by die onderwyser aan diens by die hek.

"Alweer Roberts wat laat is! Hoekom bly jy nie sommer in die bed nie? Jy kry elk geval nie veel reg met skoolwerk nie, maar jy kan darem 'n rugbybal raakvat!"

Hy voel baie ongelukkig. Hy probeer so hard, maar daar gaan nie 'n dag verby sonder dat hy in die moeilikheid beland nie. Miskien moet hy maar in die bed bly.

(a) Hoekom is Clive laat vir skool?

(1)

(b) Watter woord in die heel eerste sin vertel vir ons dat Clive gereeld laat is vir skool?

(1)

(c) Noem een ding wat Clive darem regkry by die skool.

(1)

(d) Watter woord in die derde paragraaf beskryf Clive se emosie?

(1)

(e) Hoekom oorweeg Clive dit om liewer in die bed te bly?

(1)
(f) Gee die teenoorgesteldes van die volgende woorde in die leesstuk:
Reg Ongelukkig**(2)**
(g) Skryf nou die heel laaste sin oor in die verlede tyd.
(2)
2. Lees nou verder
Terwyl Clive sleepvoet hek toe stap, hoor hy hoe iemand roep: "Kom gou, Roberts, die skoolhoof wil jou dadelik in die kantoor sien!"
Ag nee, nie kantoor toe nie. Dis die ergste wat kan gebeur. Dit beteken dat hy 'n brief gaan kry om vir Pa en Ma te gee. Hy het hulle verlede keer belowe hy sal nie wéér kantoor toe hoef te gaan nie.
"Môre Meneer", groet Clive die skoolhoof, meneer Anderson. Meneer Anderson lyk nie kwaad nie. Hy lyk sommer baie vriendelik. Clive is baie verbaas. Hy verwag om raas te kry.
"My wereld, Roberts. Wat 'n verrassing! Jy het eintlik weer die reel van laatkom oortree, maar ek sal niks dáárvan se nie. Ek is vanmore te trots op jou. As jy geweet het watter nuus ek vir jou het, sou jy nie so laat in die bed gele het nie. Dan sou jou kniee jou vinniger tot hier gedra het. Veels geluk, Roberts. Jy is gekies vir ons provinsie se Cravenweek-span!"
(a) Skryf die eerste sin van no. 2 oor in die verlede tyd.
(2)
(b) Verbind die laaste twee sinne van die derde paragraaf met die voegwoorde tussen hakies:
Meneer Anderson lyk nie kwaad nie. Hy lyk sommer baie vriendelik. (maar)
(1)
Clive is baie verbaas. Hy het verwag om raas te kry. (want)
(1)
(c) Daar is ses woorde in die laaste paragraaf wat verkeerd gespel is. Kan jy hulle opspoor? Skryf hulle korrek oor. **(6)**
(d) Watter emosie-woord sal kan beskryf hoe Clive nou voel?
(1)

5

6 Assessering

7

Leeruitkomstes(LUs)
LU 1
LUISTERDie leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.
Assesseringstandaarde(ASe)
continued on next page

Dit is duidelik wanneer die leerder:
1.3 luister vir spesifieke inligting:
1.3.1 skryf eenvoudige aantekeninge (soos voltooi gegewe aantekeninge; maak ‘n lys belangrike punte).
LU 3
LEES EN KYKDie leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.
Dit is duidelik wanneer die leerder:
3.6 gebruik leesstrategieë:
3.6.3 begin om leesspoed te verbeter en te evalueer;
3.7 lees vir genot:
3.7.2 lees enkele nuwe tekssoorte (soos ‘n roman);
3.7.5 los woordraaisels op (soos blokkiesraaisels);
3.8 toon begrip van die gebruik van naslaanwerke:
3.8.2 gebruik ‘n woordeboek en verstaan ‘n woordeboekinskrywing (spelling, klem, uitspraak, woordsoort, betekenis).
LU 6
TAALSTRUKTUUR EN –GEBRUIKDie leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.
Dit is duidelik wanneer die leerder:
6.1 hersien grammatika wat in die vorige grade gedek is;
6.2 spel bekende woorde korrek:
6.3 gebruik verskillende eenvoudige taalvorme en sinstrukture om mondelings en skriftelik te kommunikeer:
6.3.8 die gebruik van die teenwoordige-, verlede- en toekomendetydsvorm;
6.3.11 die verbinding van sinne met voegwoorde met die korrekte woordorde.

Table 7

8

9 Memorandum

2.

- Goed Sleg
- Mooi Lelik
- Gelukkig Ongelukkig
- Vergeet Onthou
- Bekend Onbekend
- Naby Ver
- Stout Soet
- Slim Dom
- Groot Klein